

7 WEKE *met ritmes vir die lewe*

Wie is die mense wat saam met my om die “pot” kuier?

Heb 10:22-25

Let op die *ritme* in die teks.

- v 22 *Laat ons* tot God nader...met *geloof*(-sekerheid)
- v 23 *Laat ons* styf vashou aan die *hoop*
- v 24 *Laat ons na mekaar* omsien deur *mekaar* aan te spoor tot *liefde*...

Hebr 10:23 *Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het.*

Ons kan net vashou omdat ons vasgehou word. Dit is wat Kol 2:6-15 van Week 1 ons kom leer het – *in verbondenheid met God*. Hebr 10:19-22 kom bevestig dit. Geloof in God deur die weg wat Jesus Christus vir ons na Hom gebaan het, laat ons Hom sien, laat ons aan Hom vashou, laat ons bly hoop. Iemand het dit so mooi gestel: *Hope is for the soul what breathing is for the living organism*. Week 2 het ons kom wys hoe nodig dit is om uit te prop, om asem te haal, herinner te word wie s'n ons is, dat ons vasgehou word. Bybelse hoop is nie om jou vingers te kruis nie. Dit is lewendig, verseker – dit is gesetel in die opstanding van Jesus Christus.

Hebr 10:24 *Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade.*

Ons individualistiese uitkyk op die lewe is 'n simptoom van mense se hopeloosheid. Hopelose mense verknies hulle eenkant in 'n hoekie. Hulle sien dikwels nie vir God raak nie, en nog minder vir ander. John Wesley het gesê: *There is nothing more unchristian than a solitary Christian*. Daarmee trek hy nie 'n streep deur verlede week se ritme van *afsondering* nie. Wat Wesley probeer sê is dat ons nie daar kan bly en wegkruip nie. Ons prop uit om te herlaai, sodat ons weer kan inprop. Ons prop uit om ons ruit skoon te vee; sodat ons die ander wat saam met ons op die pad is, kan raaksien. Ons prop uit om weer te kan “connect” – verbintnisse te kan maak.

In 'n hopelose uitsiglose wêreld, word God sigbaar wanneer mense mekaar begin vashou en inspireer om hierdie liefde en omgee aan ander te gaan uitdeel.

Krap nou een van daai hardekole uit en sit hom eenkant – kort voor lank is daardie kooltjie koud. Hou die kole saam op 'n hoop – môre oggend blaas jy net die as weg en kook die koffie vir jou mede “potsitters” op dieselfde kole. Hoop word hier gespel: **MEKAAR**.


Die NRSV vertaling van Hebr 10:24
*And let us **consider** how to **provoke** one another to love and good deeds.*

Katanoeo (“conclider”) – laat ons só na mekaar kyk, met besorgdheid oor jou situasie besin (nie kritiese oë nie), dat dit oorgaan tot aksie.

Paroxusmos (“provok”) – letterlik om mekaar skerp te maak, op te skerp, aan te moedig, aan te hits.

Let mooi op, die teks sê nie *gaan hê lief en gaan doen goeie dade nie*. Die teks daag ons uit na iets baie moeiliker. Dit vra dat ons reflekerend sal gaan besin as ons mekaar raaksien wat daardie persoon nodig het, en dat jy dan bereid sal wees om daardie persoon skerp te maak, op te skerp; sodat hy/sy daar sal weglou om te gaan liefhê en te gaan omgee. Die hoop lê dus daarin dat ons mekaar aanspoor tot aksie. Dit beteken dat ons die spieël vir mekaar sal begin ophou, vir mekaar se *beauty en goodness*, maar ookdat ons kan sien waar on suit lyn is.

Vergelyk die Johari-venster



Hebr 10:25 *Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegby soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom.*

- Dit beteken meer as om kerk toe te gaan. Dit beteken om te herontdek dat ek en jy die kerk is, deel van die liggaam van Christus - by die skool, kantoor, univer-siteit, by die huis, tussen my vriende.
- In ‘n individualistiese wêreld waar die geneigdheid *dismembering* is, roep die teks ons op tot *re-memering*. Die brood en die wyn is ‘n ekwivalente metafoor vir die pot.

Aan die tafel word ons herinner dat ons vasgehou word. Aan die tafel sien ons mekaar raak. Aan die tafel hoor ons *waar daar deernis en liefde is, waar ons mekaar vashou, daar is God*. En as ons opstaan van die tafel af, word ons gestuur om te gaan vashou, uitdeel, aanspoor . . .

Uitdaging vir die week

Kies drie persone vir wie jy die volgende drie vrae oor jouself kan vra:

1. Wat dink jy is my lewensboodskap?
2. Waarin is ek goed of begaafd?
3. Waar het jy al gesien maak ek ‘n positiewe impak in ander mense se lewens?

[jy kan dit ook vir drie ander mense gaan sê – jy sal verbaas wees waartoe dit hulle sal aanspoor]

